Tema: **Praat met jouself en hou op om na jouself te luister**
Datum: 25 Julie 2010
Skrifgedeelte: Psalm 27
Prediker: Ds. Thomas Dreyer

Psalm 27

1	Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?
2	As misdadigers op my afstorm om my dood te maak, my teëstanders en my vyande, dan is dit juis húlle wat struikel en val.
3	Al sou 'n leër teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie. Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertroue hê.
4	Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.
5	Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis, my veilig laat skuil in sy woonplek, my hoog op 'n rots laat staan;
6	ek sal in sy woonplek onder trompetgeklank my offers bring, ek sal 'n lied sing, ek sal sing tot die eer van die Here terwyl ek neerkyk op die vyande rondom my.
7	Luister tog na my, Here, as ek roep; wees my genadig en verhoor my gebed.
8	Ek onthou wat U gesê het: "Julle moet My kom dien!" Ek is hier om U te dien, Here.
9	Moet U tog nie vir my verberg nie, moet my tog nie wegstuur terwyl U toornig is nie, want U was nog altyd my hulp. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red.
10	Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem.
11	Leer my u wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie.
12	Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan vals getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan.
13	As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie...!
14	Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!

Goeiedag, dis jou buurman, ek wil net laat weet dat daar gisteraand ’n gewapende roof was hier by ons. Wees versigtig. Lyk my hier’s ’n bende in ons omgewing.

Ek is jammer dat jy hier voor my sit vandag, want jy’t goeie werk gedoen, maar jy weet wat die resessie aan ons besigheid gedoen het en ons kan nie anders as om jou te laat gaan nie.

Goeiedag, dis die dokter se spreekkamers. Die uitslae is hier. Dr. wil jou dringend spreek. Ja, vandag nog.

Jammer om U te laat weet maar U aansoek by ons Universiteit is afgekeur!

Nee, jammer, ek besef jy's desperaat, maar ons het nie vir jou werk nie.

Ek's jammer dat dit nou so moet gebeur, maar ek stel dit al vir te lank uit. Jy weet self ons het net te ver uit mekaar gedryf en ek is jammer maar ek weet nie meer of ek vir jou lief is nie.

Ek wil nie meer met jou vriende wees nie.

Die uitslae is terug. Dis weer negatief. Julle is nie swanger nie.

Dis die lewe, nie waar nie? Een of ander tyd gaan een van ons so 'n oproep kry, voor iemand sit wat dit vir ons sê, so 'n brief in die pos kry. Ons lewe in 'n wêreld waar dit eenvoudig 'n realiteit is.

En as ons luister na Ps. 27, lyk dit nie asof dinge in die laaste paar duisend jaar so baie verander het nie. Dawid is uitgelewer aan misdadigers, kwaaddoeners (v 2). Hy vrees vir sy lewe (v 2). Daar's mense wat hom doelbewus aanval, persoonlike vyande (v 2). Hy word vals aangekla (v 12). By dit alles voel dit vir Hom asof die Here hom nie hoor nie. Die Here is stil en hy voel verwyderd van Hom (v 9). Verhoudings waarop hy kon staatmaak, mense wat hy gedink het altyd vir hom daar sou wees, is weg (v 10)!

Dis dinge wat ons vandag nog beleef. En hierdie situasies, hierdie dinge wat met ons gebeur, mense wat ons seermaak, lok by ons 'n bepaalde reaksie uit, nie waar nie? Dit vra vir jou: Wat gaan jy nou doen? Wat gaan nou van jou word? En dis dan dat ek as gelowige, kind van die Here, 'n keuse het!

Ek kan na myself luister of ek kan met myself praat. Ek kan luister na my natuurlike, pessimistiese, desperate, selfgesentreerde, negatiewe self. Of ek kan vanuit my nuutgemaakte hart, met myself praat. Ek kan toelaat dat die Heilige Gees sy waarheid uit sy Woord in my oor fluister en ek kan dit vat en in my lewe inpraat.

Dis wat Dawid doen in hierdie psalm. Praat Dawid met die Here? Ja. Maar vir die grootste gedeelte van hierdie Psalm, praat hy met homself en dis waarna ons gaan kyk.

As die omstandighede kom, as vrees hom wil oorweldig, as hy mismoedig wil word, hoop wil verloor, dan luister hy nie vir homself en die omstandighede nie. Hy praat met homself en hy herinner homself:

Aan wie die Here is!
Aan sy eintlike lewensdoelwit!
Aan sy lewensopdrag!
Aan die Here se trou!
Aan die Here se beloftes, die hoop wat daar net in die Here is!
En dan sluit hy af met ’n finale opdrag aan homself?
Hoe maak jy?

Kom ons kyk na die detail van Dawid se gesprek met homself!

Ek weet wie die Here is!

As vrees Dawid wil oorweldig. As sy omstandighede hom regtig bang maak, dan sê hy vir homself: Die Here is my lig en my heil / my redder, vir wie sou ek vrees? Die Here is die toevlug van my lewe, vir wie sou ek vervaard wees?

My en jou hart sê van nature: Hierdie werk, my sekuriteitsheining en alarm, dit is my lig en my redder. Dit is my toevlug. My gesondheid. Dis eintlik my verlosser. Ek kan enige iets hanteer, want ek’s jonk en fiks en sterk. Hierdie persoon wat deel is van my lewe: Sy is my toevlug. Hy is my heil, my redder.

En as iets dreig om een van hierdie dinge van my af weg te neem dan pak ’n vrees my beet. Ek raak nie op ’n gesonde manier bekommerd of bang nie. Ek raak vervaard, wan-hopig, die vrees verlam my. Daar’s ’n stem wat hier in my hart opkom en sê: As dit moet gebeur is dit verby. Ken jy hierdie stem?

Dis so maklik om te luister. Maar vir my as kind van God, as Christen, is daar ook ’n ander stem. Die stem van die Heilige Gees. Hy kom en sê, nee Thomas, dis nie waar nie, dis nie die volle prentjie nie. Jou werk is belangrik, sy of hy is belangrik, maar dis was nooit jou lig en jou verlosser nie. As jy dit gedink het, is dit eintlik goed dat jy dit nou verloor het, want dit was ’n leuen. Die HERE is jou lig en jou Redder. In hierdie lewe is Hy die enigste ware toevlug. Hy is die Verbondsgod, die HERE. Hy’s die een wat self na hierdie aarde toe gekom het en deur vyande gespot en verneder is en vervolg is tot die uiterste toe, en dit alles om sy belofte na te kom om jou te kom skoon was van al jou sonde, sodat sy Hy lewenslig in jou donker hart kan instraal. Hy is jou Redder, jou Toevlug. Al verloor jy alles, sal Hy jou nie los nie!

Dís die waarheid! Luister na die Gees en praat dít in jou hart in, soos Dawid. Jesus het gekom sodat ek dit maar kan glo! 'n God wat bereid was om Homself vir my te gee, Sy lewe vir my te gee, gaan my mos nie nou los nie.

Geliefdes, moet ek dit voel voor ek dit kan sê? Nee! Dawid praat met homself, hy herinner homself aan hierdie waarheid, juis omdat hy dit nie op die oomblik voel nie. Wat hy voel is die vrees, die hartseer, die bekommernis, die moedeloosheid, maar hy verdryf die vrees deur met homself te praat, om God se waarheid in sy hart in te praat. Let tog op dat dit anders is as selfmotivering. Hy sê nie, ek kan hier deurkom, want ek is wonderlik nie. Nee, die eerste belangrike ding waaraan hy homself herinner is wie die Here is! Sy Lig en sy Redder!

Ek weet wat my kern lewensdoelwit is

Dawid se omstandighede dreig om hom wanhopig te maak, om sy lewensin weg te neem. Dis wat gebeur nie waar nie? Ek verloor my werk nadat ek soveel ingesit het , sy los my nadat ek regtig hard probeer het om reg te maak, iemand vir wie ek lief was gaan dood, ons word in ons huis oorval en dit voel of die Here net nêrens is nie en iets hier binne my sê: Dis nie die moeite werd nie! Waarvoor lewe ek?

Dawid beleef soortgelyke dinge, maar eerder as om na sy natuurlike self te luister wat sê: Sien, daar's geen sin aan jou lewe nie, wat gaan nou van jou word, waarvoor het jy soveel ingesit? Eerder as om na homself te luister, praat Dawid met homself en hy herinner homself aan die eintlike rede vir sy bestaan. Hy sê vir homself: [4]Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel.

Dawid, sê hy vir homself, onthou waarvoor jy gemaak is! Jy's gemaak om God se teenwoordigheid te geniet, om jou oor Hom te verwonder, om Hom te aanbid en by Hom te wees, Hom beter en beter te leer ken en opgewonde te wees oor wie Hy is. Daar is niks wat daarby kom nie en geen omstandighede kan dit van jou af wegneem nie!

Waarom kan geen omstandighede hierdie lewensdoel wegneem nie? Dawid sê: [5]Want Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van sy tent; Hy verhef my op 'n rots.[1]

[1] *Die Bybel : Ou Vertaling*. electronic edition of the 2nd edition. Suffolk, England : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1996, c1954, S. Ps 27:5

Nou sê vir my, hoe veilig is 'n gewone 'n tent, 'n hut teen vyande wat jou lewe wil neem? Dis glad nie veilig nie. So Dawid kan nie bedoel dat die Here hier en nou 'n fisiese tent om hom moet span wat hom hier en nou van alle gevaar sal weghou nie. Nee, sy hoop is veel groter as dit. Sy Hoop is in die teenwoordigheid van die Here in die tent van die Here, die tabernakel. Niks en niemand kan Hom uit die Here se teenwoordigheid haal nie, kan Hom van die Here se liefde skei nie, nie dood nie, nie honger nie, nie die swaard van geweldenaars nie (vlg. Rom. 8).

Geliefdes, ons wat God se hele verlossingsverhaal ken kan dit met nog meer sekerheid sê as Dawid. Want Johannes kom met hierdie wonderlike boodskap. Hy sê [14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.[2]

Letterlik staan daar, die Woord, Jesus, het mens geword, vlees geword en onder ons kom tabernakel. Kom tent opslaan. Hy is die tent waarbinne ek kan ingaan om in God se teenwoordigheid te wees, om sy nabyheid te beleef maak nie saak wat die omstandighede is nie. Nog meer. Hy stuur sy Heilige Gees om binne my te kom tent opslaan. Ek word God se tabernakel, sy tempel, en ek kan daagliks meer sien, meer ontdek van God se heerlikheid in my! Sy genade en waarheid binne in my.

Daarom dat Paulus baie soortgelyk aan Dawid uitroep: Paulus skryf: [10]Al wat ek wens, *d.w.s my lewensdroom, my doelwit,* is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, [11]in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.[3]

Daar's 'n stem binne in my wat vir my sê: Jy't jou werk verloor. Jy't haar of hom verloor. Jy't nie keuring gekry nie. Jy't nie meer vriende nie. Daar's nie meer sin in jou bestaan nie.

Hierop kan ek antwoord en sê nee. Al wat ek wens is om Jesus Christus beter te leer ken. Hy is God by my. Hy't hier na die aarde toe gekom en binne dieselfde seerkry omstandighede as ek ingekom om in my plek te kom ly en sterf. Ek lewe nie om te werk nie. Ek lewe nie vir hom of haar of hulle of daai loopbaan nie. Ek lewe om te verstaan wat Hy vir

[2] *Die Bybel : Nuwe Vertaling*. electronic ed. Cape Town, South Africa : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1998, c1983, S. Joh 1:14

[3] *Die Bybel : Nuwe Vertaling*. electronic ed. Cape Town, South Africa : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1998, c1983, S. Fil 3:10

my kom doen het. Ek lewe om oor sy genade en liefde vir my te dink en God se grootheid en sy almag en sy liefde hierin raak te sien en te bepeins. As ek dit beter kan doen deur te werk is dit goed, maar as ek my werk verloor dan wil die Here my seker op 'n nuwe manier wys wie Hy is en wat Hy kom doen het. Hy het my baie van homself kom leer in hierdie verhouding en Hy gaan nie daarmee ophou noudat sy of hy weg is nie. Ons land se omstandighede maak my daagliks bewus van hoe nodig ons Hom het. Al hierdie dinge wat gebeur dwing my op my knieë, maak my nederig afhanklik van Hom. Laat my soek na Hom, smag na Hom en dis waarvoor ek lewe.

Is dit waarvoor jy lewe? Nie? Geliefdes, enige iets anders is nie die moeite werd om voor te lewe nie!

Dawid herinner homself aan wie die Here is: Sy lig en sy verlosser.

Hy herinner hom aan sy lewensdoelwit: Om hierdie Lig / Verlosser beter te leer ken.

En dan maak hy dit baie prakties as hy sê:

[8]Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o HERE![4]

Ek het elke dag iets om te doen!

Dit wil sê, Here, ek herinner myself, ek luister na my nuutgemaakte hart wat U woorde oproep en vir my sê: Dawid, gaan leef nou, Coram Deo. Voor die aangesig van die Here! Dien die Here binne jou omstandighede. Vra, Here hoe kan ek U nou dien, vandag dien. Ek lewe om U beter te leer ken. Here Jesus, U het gekom sodat ek U beter kan leer ken. En u wil Uself aan my openbaar soos wat ek dag vir dag U aangesig soek, in elke ding wat ek aanpak, in elke ding wat gebeur.

Ja, ek het my werk verloor, my gesondheid verloor, my lewensmaat verloor, my universiteitstoelating of keuring, ons is weer nie swanger nie. Beteken dit ek kan nie meer die Here dien nie. Beteken dit ek kan nou nie meer sy aangesig kan soek nie. Nee. As ek werk, werk ek voor die aangesig van die Here, en as ek moet werk soek, soek ek werk voor die aangesig van die Here. Hy gee gesondheid, so as ek siek is, dan is ek dit tot sy eer, dan dien ek hom in my siekte. Ek dien Hom met my alleenheid. Met my teleurstelling. Omdat my eintlike doel hier op aarde nie weggeneem kan word deur enige omstandighede nie, kan my werk, my elke dag se diens aan die Here nie weggeneem word nie.

[4] *Die Bybel : Ou Vertaling*. electronic edition of the 2nd edition. Suffolk, England : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1996, c1954, S. Ps 27:8

Ja ek kan en mag bid vir uitkoms. Daar is lekkerder, beter omstandighede om die Here in te dien, maar omdat Hy Koning is van my lewe, kan ek Hom dien maak nie saak wat die omstandighede is nie.

Sien jy wat Dawid doen? Hy praat hierdie waarheid in sy hart in.

My omstandighede is sleg, dis so anders as wat dit was, of wat ek dit sou wou hê, maar my Here het nie verander nie. Hy's nog altyd my lig en my Verlosser. My roeping het nie verander nie: Ek lewe om Hom beter te leer ken, in sy teenwoordigheid te wees. Dit kan ek steeds. En my werk het nie verander nie. Ek kan Hom steeds dien vandag!

En ek kan Hom dien met vertroue en met hoop. Dis die laaste twee dinge waaraan Dawid homself herinner!

Dawid herinner homself hieraan en ook aan die Here se trou!

Lees weer saam met my vers 10. Dawid praat met homself. Hy sê: Selfs al sou my vader en moeder my verlaat, daardie mees basiese verhouding wat elkeen van ons nodig het, daardie sekerheid dat my pa en ma my wil hê en vir my lief is, en vir my omgee. Dat ek maar enige tyd op hulle knoppie kan druk. Selfs al sou ek dit verloor, sal die Here my nie los nie. As ek wees is sal Hy my aanneem. Hy sal my onder sy sorg neem.

Hy's getrou. Mense gaan weg. Mense stel jou teleur. Mense laat jou in die steek wanneer jy dit die minste verwag.

God sal by jou wees in en deur elke moeilike tyd. Hy sal jou nie los nie. Selfs al is die moeilike tyd waardeur jy gaan jou eie skuld, al het jy dit oor jouself gebring, sal hy jou nie los nie! Waarom nie? Want jy het 'n Ouer Broer wat gesê het, Vader hulle verdien om verlaat te word, maar verlaat my sodat U hulle weer kan vasgryp. Dis waarom Hy my en jou kan aanneem! En dis waarom Hy jou nooit hoef te los nie! Dawid sê vir Homself, onthou dit! Onthou dat jy in God vir altyd en ewig 'n ma en 'n pa het!

In die laaste plek herinner Dawid homself aan die vaste hoop wat Hy het wat verder gaan as enige slegte omstandigheid.

Hy kyk na alles wat oor sy pad kom, al die onreg, die vervolging, die seer, die gebrokenheid en hy sê: [13]o, As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die

land van die lewendes nie … .[5]

Ek het nogal in die week so gevoel. Toe ek lees van ’n hele familie wat uitgewis is op die snelweg. Van ’n pa wat moes sien hoe sy familie doodbrand. As ek hierdie dinge by my dag tot dag stryd met myself, my eie sonde, en die sonde van die mense rondom my voeg, dan wil ek sê, dis net nie die moeite werd nie!

En dan kom die Heilige Gees en sê: Onthou Thomas, jy glo in meer as dit wat jy hier en nou sien! En dan hoor ek Dawid se woorde: O, As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie!

As ek en jy dit nie geglo het nie, het ons geen hoop gehad nie. Maar nou glo ONS dit. Ek glo dit nie alleen nie. Dawid het dit geglo en ek het medegelowiges wat dit saam met my glo. En ek het die getuienis van gelowiges deur die eeue wat dit geglo het en wat volhard het. En ons het saam die bewyse dat ons die goedheid van die Here gaan sien in die land van die lewendes. Dat selfs die dood hier en nou nie alles tot niet maak nie. Want Hy het opgestaan. Jesus het opgestaan. En hy’t sy Gees as ’n deposito vir my gegee, ’n waarborg dat ek Hom sal sien in die land van die lewendes.

Dis so ’n realisties, optimistiese waarheid om in jou hart in te praat, om te sê elke keer as omstandighede net so wreed, so onregverdig is dat dit dreig om jou moed te laat verloor: O, As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie!

Slot

Dawid praat met homself. Hy herinner homself aan wie die Here is. Hy herinner Homself aan sy doel hier op aarde. Hy herinner homself aan sy werk. Hy herinner homself aan die Here se trou en aan die Hoop, die belofte van ’n nuwe hemel en aarde. En op grond van al hierdie waarhede volg die opdrag aan homself: [14]Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE!

Waarom is ek en jy soms so ongeduldig met die Here? Is dit dalk omdat ons met hom praat vanuit wanhopige harte wat net die heeltyd na hulle self luister? Harte wat vergeet wie Hy is. Wat ’n ander lewensdoel najaag as dit wat Hy vir ons beplan het. Harte wat eintlik net hulleself dien en nie vir Hom nie. Wat net vir hier en nou Hom nodig het, en nie

[5] *Die Bybel : Ou Vertaling*. electronic edition of the 2nd edition. Suffolk, England : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1996, c1954, S. Ps 27:13

hoop op die ewige lewe saam met Hom nie?

Geliefdes, ek en jy kan vandag, hier en nou ophou om vir hierdie leuens van jou eie hart te luister! Luister na die Heilige Gees en praat Sy waarhede in jou lewe in! En wag op die Here. Wees sterk en laat jou hart sterk wees, laat Sy waarheid toe om jou hart sterk te maak! Ja, wag op die HERE! Hy kom!